www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/01**
**Reading**

**Kernwenke**

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Vraag 1: Skryf antwoorde in hulle eie woorde wat duidelike begrip van die vrae en die teks toon.
- In Vraag 2: Skryf ’n kernagtige opsomming en ’n gemotiveerde vergelyking in goed versorgde taal en in hulle eie woorde.

**Algemene kommentaar**

Dit moet onder aandag van die kandidate gebring word dat hulle hul eie inisiatief moet gebruik om groter blootstelling aan Afrikaans te kry – hulle móét boeke, tydskrifte en koerante lees om hul woordeskat uit te brei en Afrikaans idiomaties te leer gebruik.

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Vraag 1**

**(a)** Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(b)** Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord. Party het egter die punt verbeur omdat hulle geskryf het hoe hy oor sy eie boekrak gevoel het in plaas van dat dit sy liefde vir boeke laat toeneem het.

**(c)** Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(d)** Baie kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(e)** Vir hierdie vraag moes kandidate die skrywer se gemengde gevoelens teenoor biblioteke verduidelik. Een punt was vir sy positiewe gevoelens en twee punte vir sy negatiewe gevoelens.

**(f)** Kandidate moet herinner word dat hulle die uitdrukkings soos in ’n woordeboekdefinisie moet omskryf of sinonieme vir die gegewe uitdrukkings moet gee – hulle moet dit nie in hul eie sinne gebruik nie.

**(g)** Hier moes die kandidate na gedrukte boeke en na elektroniese boeke verwys. Talle het die vraag goed beantwoord.

**(h)** Die meeste kandidate het hierdie vraag uitdagend gevind. Hulle moes spesifiek na albei terme verwys en die positiewe konnotasie van “bibliofiel” en die negatiewe konnotasie van “biblioholis” bespreek.

**(i)** Hier moes kandidate die skrywer se houding kortliks opsom. Party kandidate het dit moeilik gevind om sy houding in hul eie woorde uit te druk.

**Vraag 2**

Verskeie kandidate het goed in die opsomming gevaar, hoewel sommige nie verstaan het dat hulle nie ’n algemene opsomming moet skryf nie, maar die tekste moet vergelyk en kontrasteer. Party kandidate het ook nie na die ooreenkomste en verskille in die tekste se styl en doel verwys nie.



© 2014

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

Algemene punte waarna opgelet moet word:

- Stelwyses soos die volgende kan gebruik word:

    - In albei tekste ...
    - Albei tekste ...
    - In Teks 1 word ..., maar in Teks 2 ...
    - Teks 1 ...; Teks 2, daarenteen, ...
    - Teks 2 ..., terwyl Teks 1 ...

- Kandidate moet genoeg spesifieke inligting verskaf.
- Kandidate moet sover moontlik hul eie woorde gebruik.
- Kandidate moenie aanhalings gebruik om hul stellings te staaf nie.



© 2014

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

**Paper 0512/02**
**Writing**

## Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate:

- seker te maak dat hulle redelike kennis van, of insig in die onderwerp kan wys, anders moet hulle liewer 'n ander onderwerp kies
- menings en argumente in beredenerende en argumenterende opstelle met bewyse te motiveer
- hul opstelle te proeflees.

## Algemene kommentaar

Party kandidate wat oor die nodige woordeskat beskik en woorde versigtig en effektief kan gebruik, was in staat tot 'n goeie, grootliks foutvrye aanbieding. Hulle het daarin geslaag om hul idees akkuraat en oortuigend uit te druk. Sulke opstelle het 'n sentrale tema bevat en het 'n afgeronde eenheid gevorm.

Daar was egter ook kandidate wat nie oor genoeg kennis van Afrikaans en die vaardighede om die take doeltreffend te voltooi, beskik het nie. In sulke opstelle was die inhoud slegs plek-plek ter sprake en was die skryfstuk dikwels onsamehangend. Soms was die inhoud gepas, maar woordeskat ontoereikend en het die opstel baie foute bevat.

Die meeste opstelle het aan die vereiste lengtevereistes voldoen.

Daar moet aandag gegee word aan die volgende aspekte ten einde die standaard van skryfwerk te verbeter:

- Idiome is eie aan 'n spesifieke taal en kan nie letterlik vertaal word nie, bv. Die lewe is nie 'n "loop in die park nie". Dit is 'n direkte vertaling uit Engels.
- Woorde soos die volgende word verwar: "nommers" en "syfers", "keer" en "keur", "kleure" en "klere".
- Die foutiewe gebruik van "met dit" en "oor dit", "op dit", "van dit" in plaas van *daarmee, daaroor, daarop* en *daarvan.*
- Die gebruik van bv. "wat ek in was", in plaas van *waarin ek was.*
- Slegs "meeste" word dikwels gebruik in plaas van "die *meeste.*
- Foutiewe voorsetselgebruik kom dikwels voor, bv. "in" 'n afstand in plaas van *op* 'n afstand, neem deel "in", in plaas van neem deel *aan.*
- Dit kan help as spelreëls goed geleer word. Vir alle woorde is daar nie altyd 'n reël nie, maar as sommige spelreëls toegepas word, bv. ten opsigte van lang en kort vokaalklanke, diftonge of die gebruik van skryftekens help dit wel. Die kappie word dikwels weggelaat by wêreld en *gee* word soms met 'n deelteken geskryf (geë).
- Samestellings word los geskryf, bv. "vier wiel motorfiets" as drie afsonderlike woorde in plaas van die korrekte samestelling *vierwielmotorfiets,* en afsonderlike woorde word vas geskryf, bv. "uittedink" in plaas van *uit te dink* en "oppad" in plaas van *op pad*.
- Die woorde *dissipline*, *herinneringe* en *graffiti* word verkeerd gespel.
- Leestekenfoute kom algemeen in die opstelle voor: Die komma is meestal weggelaat tussen werkwoorde (gesegdes) in sinne en voor die voegwoorde want en maar waar daar 'n ruspunt in die sin voorkom.
  'n Komma word foutiewelik tussen hoofsinne gebruik in plaas van die kommapunt, bv. "Suid-Afrika het elf amptelike tale, dit maak ons land spesiaal." 'n Kommapunt moet in plaas van 'n komma gebruik word: *Suid-Afrika het elf amptelike tale; dit maak ons land spesiaal.* (Dit kan ook twee afsonderlike sinne wees, elk met 'n punt aan die einde.
  Die meeste kandidate het nie die dubbelpunt by die direkte rede gebruik nie, maar 'n komma.
- Meestal skryf kandidate in plaas van *daardie* net "daai". Dit is nie gepas in 'n opstel nie.



© 2014

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

- Kandidate moet daarop gewys word om slegs te sê: *Na my mening* of *Ek stem saam*, n mening stem ek saam" nie. Dit kom in argumenterende opstelle voor.
- Die *tweeling* is gebore, nie "tweelinge" nie.

Daar word aanbeveel dat kandidate wat vir hierdie eksamen voorberei, hul skyfvaardighede gereeld moet oefen en terugvoering oor hul skryfwerk moet kry, ten einde te verbeter en sommige van die algemeenste foute uit te skakel.

**<u>Kommentaar op spesifieke opstelonderwerpe</u>**

**Afdeling 1: Beredenerend en argumenterend**

**Onderwerp 1**

**(a)** Heelwat kandidate het gekies om oor hierdie onderwerp te skryf, maar die onderwerp is partykeer verkeerd vertolk en is daar oor natuurbewaring in die algemeen geskryf, terwyl op die see en berge gefokus moes word. Sulke kandidate het gevolglik onbevredigende punte vir inhoud behaal.

**(b)** Dit was 'n gewilde onderwerp omdat die meeste kandidate hieroor idees het. Die sentrale tema was gewoonlik waarneembaar in die opstelle en daar was 'n aantal goeie, samehangende skryfstukke. Soms is 'n verhaal egter geskryf, terwyl die inhoud beredenerend moes gewees het. Party van die minder geslaagde opstelle het ook ondeurdagte en herhalende argumente bevat.

**(c)** Daar was enkele kandidate wat oor hierdie onderwerp geskryf het en interessante sienings oor die onderwerp gehad het.

**(d)** 'n Aantal kandidate wat hierdie onderwerp gekies het, het daarin geslaag om 'n oortuigende teks te skep, maar sommige opstelle was slegs 'n filosofiese betoog oor die waarde daarvan om te gee – soms met 'n godsdienstige strekking.

**Afdeling 2**

**Beskrywend en verhalend**

**Onderwerp 2**

**(a)** Hierdie onderwerp was gewild, want kandidate kon oor eie, werklike ervarings skryf waaroor hulle genoeg idees gehad het om die taak suksesvol te voltooi. Soms is die idees egter net effens aangeraak en vaag ontwikkel. Sommige kandidate het nie slegs by een ervaring gebly nie, maar afgedwaal en verskillende ervarings beskryf.

**(b)** Hierdie beskrywende opstel is deur verskeie kandidate gekies, want hulle kon by die onderwerp aanklank vind.

**(c)** Oor die algemeen was die verhaal wat kandidate oor hierdie onderwerp geskryf het 'n eenvoudige vertelling wat in 'n paar gevalle nie juis toepaslik was nie en waarin geen werklike klimaks voorkom nie.

**(d)** Min kandidate het hierdie verhalende opstel geskryf.


© 2014